

Skriflesing: Galasiërs 6: 11 – 18

Teksvers: Galasiërs 6: 15, 16 en 17

Die ware gelowige pas nie in nie, maar staan uit deur littekens van Christus

”Almal wat ‘n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolg te word nie” (vers 12).

1. Verborgte of onsigbare littekens

In die gemeente van Galasiërs was daar manne vanuit die Joodse denkraamwerk besig – dit was manne wat Judaïseers genoem was. Hulle het sekere leerstellings in hierdie gemeente verkondig. Hulle leerstellings was gebaseer op die besnydenis, die teken van die ou verbond, die teken van die Joodse godsdiens. Hulle boodskap was – die besnydenis moes nog steeds onderhou word, ook deur hierdie Christene in Galasië. Die rede hiervoor, sê Paulus, is omdat hulle *‘n mooi vertoning in die vlees wou maak*, d.w.s uiterlik ‘n goeie indruk wou maak (vers 12). Om dit eenvoudig te stel – hierdie manne het ‘n aanvaarbare godsdiensstyl vir destyds bepleit, ‘n godsdiensstyl wat ook die goedkeuring van Jerusalem, die Ou Testamentiese kerk, sou wegdra. Dit kom hierop neer – die Christelike godsdiens moes aanvaarbaar gemaak word, nie aanstoot gee nie. Die christen moes vir die Jood ook as ‘n Jood kwalifiseer deur sy besnydenis. Dit sou mos “‘n mooi vertoning wees”, ‘n goeie indruk maak – hierdie “nie gee van aanstoot nie”. Hier dan verborge littekens (stigmata), bedoelende steeds ‘n verbintenis aan Christus, maar ‘n verbintenis wat nie “‘n mooi vertoning” by ander (Jode) in die wêreld ry nie, want die besnydenis bring mee aanvaarding ongeag die verbintenis met Christus.

2. Werklike of sigbare littekens

Paulus maak dit duidelik dat hierdie leer van die Judaïseers geheel en al verwerp moet word. Dit gaan nie oor die besnydenis as verbintenis met die Jode nie, maar oor die kruis van Christus. Die kruis is nie iets wat se skerp kante bietjie afgevl is kan word om sodoende meer aanvaarbaar te word en so die argwaan van die wêreld vry te spring nie. Die kruis is prominent, die kruis-evangelie is op die voorpunt en dit is onversoenbaar met die wêreld. Vers 13: *“Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.”* Wat sê Paulus hier? Hy sê die feit dat Jesus gekruisig is, het ‘n finale breuk tussen hom wat Paulus is en die wêreld gebring. Vir hom is die wêreld nou gekruisig, afgeskryf, van nul en gener waarde, wanneer dit gaan oor sy saligheid, maar so moet die wêreld ook maar kennis neem dat hy wat Paulus is vir hulle gekruisig is, bedoelende dat hulle hom ook maar kan afskryf wanneer dit gaan oor hulle plannetjies waaraan hulle hom diensbaar wil maak. Die saak waarom dit wel vir Paulus gaan, is die “nuwe skepsel”, soos hy dit in vers 15 stel – dit is die werklike en altyd sigbare littekens (stigmata) van die christen-gelowige. As nuwe skepsel is die verbintenis met Christus (ware littekens) in sy lewe aanwesig en gevolglik ook altyd sigbaar.

Slot.

Die werklikheid is – die ware volgeling van Christus staan uit en pas nie in nie. Die wêreld van vandag wil wel die volgeling van Christus laat inpas as deel van ‘n wêreld met godsdienstigheid en die christendom maak een van vele godsdienste. Nuus vir hierdie wêreld – geen verborge of onsigbare littekens vir hulle wat Christus volg om hulle so aanvaarbaar by die wêreld te maak nie.

Die ware gelowige pas nie in nie, maar staan uit deur littekens (verbintenis) van Christus.